**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# Gereformeerde Kerk Benoni

# Polsslag

Rom 12:2

**5 Augustus 2018**

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE:

### 09:00 OGGENDDIENS
*dr. Braam Krüger*

***Skrifgedeeltes:*** *Jer 7:1-15*

***Fokusvers:*** *Jer 7:4-5*

***Tema:*** *SOCA*

### 17:00 LOF-EN AANBIDDINGSDIENS
*dr. Braam Krüger*

***Skrifgedeelte:*** *1 Kor 8:1-13*

***Fokusvers:*** *1 Kor 8:13*

***Tema:*** *Hoe neem 'n Christen besluite?*

### 18:30 AANDDIENS
*ds. Louis Aucamp*

***Skrifgedeelte:*** *Romeine 8*

***Fokusverse:*** *Romeine 8: 17*

***Tema:*** *Kan jy seker wees daarvan dat jy gered is?*

*HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.*
*KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.*

## KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

**ONS DOEN VOORBIDDING VIR :**

- Tannie Betsie du Preez is Woensdag oggend oorlede op die ouderdom van 84. Ons dra haar seun Derik van Niekerk en die familie op aan ons Vader vir vertroosting.
- Ds. Pieter van der Walt, broer van Julie Goede en Marié Kruger is in die Eugene Marais hospitaal met brongitis.
- Tewie Barnard (083 368 1563)moet vir toetse gaan en vir 'n moontlike mantelvliesbreuk.
- Ria Kruger ( 084 839 6327) het 'n galblaasoperasie ondergaan.
- Dorothy Kruger ( 072 598 6327) is steeds in die Johannesburg Algemeen hospitaal waar sy wag om geopereer te word vir blaaskanker.

**SMS GEBEDSGROEP:** Om gebedsversoeke te rig of per sms te ontvang stuur asb. 'n sms met die woord "gebedsgroep" na Donsie Krüger op 084 627 2393 of

**VANAF DIE KERKKANTOOR**

Vir algemene navraag oor gemeenteaktiwiteite of om persoonlike inligting op die dataprogram te laat verander kan die adminkantoor gekontak word op 011 849 2054.

Om afsprake te maak om die predikant te sien of om oor persoonlike/sensitiewe sake te praat kontak asb. dr. Braam Krüger direk op 082 459 5636

## OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

| DAG | TYD | GELEENTHEID | KONTAKPERSOON |
|---|---|---|---|
| Vandag | Na oggenddiens<br>Na oggenddiens<br>Na 17:00 diens | Katkisasie gr 1 tot 7 Bybelvasvra<br>Wykstudie inligting in die kerkgebou<br>Katkisasie gr 8 tot 11 | |
| Maandag | 09:30<br>19:00 | Rynpark 5 Bybelstudie<br>Volwasse kategese | Adrie Goede 083 654 4821<br>Dr. Braam Krüger |
| Dinsdag | 09:00 | Koördineringsvergadering | Ronel Ritchie 081 218 3048 |
| Donderdag | 19:00 | Studente– en jongwerkendes Bybelstudie | Nico Boshoff 081 049 7066 |
| Vrydag | 06:30<br>09:00 | Mans gebedsgroep<br>Bybelstudie met Braam | Schalk Venter 082 786 4527<br>Braam Krüger 082 459 5636 |

Vir enige navrae skakel gerus die betrokke persone of die kerkkantoor op 011 849 2054

| OUDERLING DIENSBEURTE | |
|---|---|
| Vandag | Harry Salomons |
| 12 Augustus | Willem Reinecke |

**VOLWASSE KATEGESE**
**MAANDAE AANDE VANAF 30 JULIE @ 19:00**

Volwasse kategese is vir volwassenes wat vir kategese wil aanmeld, of om belydenis van geloof af te lê of bloot ter wille van geloofsgroei.

Dit is saamgestel uit gespreksessies en persoonlike Bybelstudie om jou geleentheid te gee om op so manier die kerk se teologie te leer ken.

Die uitgangspunt van hierdie kursus is dat Christen-wees oor verhoudings gaan. Tydens die kursus word daar gefokus op 5 verskillende verhoudings, naamlik jou verhouding met God, met jouself, met die kerk, met die omgewing en met die gemeente.

Elkeen van hierdie verhoudings is 'n bousteen tot ons geloof. Dis die fondament waarop ons geloof gebou is om te weet dat God ons liefhet en ons na die wêreld rondom ons uitstuur.

Skakel dr. Braam Krüger op 082 459 5636 gerus om meer uit te vind, of om aan te meld.

**2018 JAARTEMA 5**
**19 AUGUSTUS TOT 9 SEPTEMBER**

Raak Betrokke

Die vyfde jaartema van 2018 handel oor Evangelisering.
Wat is Evangelisering? Dit is God se sending! Missio Dei beteken dat die Vader die Seun gestuur het om deur sy koms, lyding, sterwe en opstanding sy eiendom van die heerskappy van die sonde en Satan te verlos. Die Vader en die Seun het saam die Heilige Gees gestuur om God se kinders tot geloof en 'n nuwe lewe en lewensstyl te bring, en hulle toe te rus om in te skakel by die sending van die Drie-enige God om sy eiendom uit elke volk en taal en nasie te vergader en in te skakel by 'n plaaslike verbondsgemeenskap wat as plaaslike kerk van Christus funksioneer. Elke gelowige ontvang unieke gawes van die Heilige Gees om op 'n eie unieke manier deel van God se sending te kan wees.

**LET WEL:** Alle wyksleiers en lidmate wat die studies weekliks in hul wyke of individueel wil doen sal opleiding en studiemateriaal ontvang na die oggenddienste van **VANDAG, 12 EN 19 Augustus.**

sassa

**Benodig u hulp met die oorskakeling na die nuwe SASSA kaart?'**

Die poskantoor kom help ons lidmate en vriende op Woensdag 22 Augustus tussen 08:00-13:00 by Jubilaté Gemeentesentrum m(Hoek van Reaper en Wordsworths strate, Farrarmere) daarmee.
Laat weet asb. die kerkkantoor indien u van die diens wil gebruik maak, ons moet getalle teen 6 Aug deurgee.
Groete

Amour
011 849 9084 / 0115



**PALMBYEENKOMS**
**15 AUGUSTUS 09:30 vir 10:00**
**IN DIE KERKSAAL**

Alle senior lidmate word vriendelik genooi vir 'n lekker kuieroggend saam met ander seniors.

Navrae: Una Steyn 083 309 4017

| VERJAARSDAE 5 - 11 Augustus | | |
|---|---|---|
| BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER! | | |
| DAG | NAAM | KONTAK NO. |
| Vandag 5/08 | Walter Buma<br>Marni Bakker ☺ | 082 449 2850 |
| Ma 6/08 | Lidia de Klerk<br>Casper Bateman | 076 330 2762<br>083 365 0181 |
| Di 7/08 | Hannelie Potgieter<br>Braam Krüger<br>Adri Goede ** | 082 805 8819<br>082 459 5636<br>083 654 4821 |
| Wo 8/08 | Ilke Ackerman ☺ | |
| Do 9/08 | Debbie Vermaak<br>Andre Bakker<br>Ruth Bakker * | 076 162 1643<br>072 390 4588<br>078 913 2702 |
| Sat 11/08 | Owen Shaw | 082 575 1512 |
| (☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤ ) | | |

**LESOTHO UITREIK**

Die Lesotho uitreik kom vining nader, en almal is baie dankbaar oor die wonderlike skenkings en belangstelling.
Daar is houers in die voorportale van die kerk waarin goedere geplaas kan word.

Navrae: Lenie Venter 083 457 8861 of
dr. Braam Krüger 082 459 5636







**GKSA BEROEPE ONTVANG**

**• Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg -Noordoos na Kemptonpark**

**VERTREK MET ATTESTAAT:**

- Jorita Meintjies na GK Rietvallei
- Jaco en Corné Smit en dooplidmate DJ en Jané na GK Brackenhoff



## SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 29 Julie 2018 se antwoord: Genesis 22: 20

" 'n Rukkie na hierdie gebeurtenis is aan Abraham vertel dat Milka, sy broer Nahor se vrou, kinders vir sy broer in die wêreld gebring het "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Corica Diederics; Martie Gibson ;Chrissie Pretorius ; Pieter du Plessis ; Klein de Kock; Elma Jansen; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers
" ????? was teen Israel . Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou "
**Vraag: Wie het vir Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou?**

**Lees gerus Kronieke en noem wie Dawid aangehits het om 'n sensus te hou en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.**

## KLANKOPNAME VAN PREKE

Klankopnames van die preke sal +/- 20 minute na die oggenddiens afgesluit het by die klankbord beskikbaar wees. Skryf asb jou naam op die lys na die diens sodat ons weet hoeveel cd's om te maak. Donasies vir die aankoop van cd's is welkom!

## KOLLEKTES

**Kollektes van 29 Julie 2018**

| | | |
|---|---|---|
| Diens van Barmhartigheid | : R | 8143 |
| Emeritaatsversorging | : R | 2545 |
| Jeugdiens | : R | 225 |

**Vandag se kollektes :**
**Onder die diens:** Diens van Barmhartigheid
**By die deure**: Bybelverspreiding

**Volgende week:**

## BEHUISING DRINGEND NODIG:

Johan Goosen en sy seun is dringend op soek na bekostigbare losering of 'n tuinwoonstel wat hulle kan huur in of naby Northmead, Benoni. Johan is ook op soek na werk.
As jy dalk kan help, of weet van iemand wat kan help kontak Johan asb op 072 184 4010

## WERKSOEKENDES:

Farayi en sy vrou Annie is afkomstig van Zimbabwe en is op soek na werk. Farayi het 'n werkspermit, en is 'n verwer, maar is bereid om enige werk te doen.
Sy vrou Annie is op soek na 'n skoonmaakposisie.
Hulle is tans woonagtig in Daveyton.
Hulle verkies om Engels te praat.
Farayi kan gekontak word op 071 821 2395




*Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywilligHe finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.*

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE :**

| | | |
|---|---|---|
| BANK | - | ABSA |
| TJEK REK | - | 220 340 333 |
| VERWYSING | - | Volle Naam, Van & Doel |

**OF SNAPSCAN**

Diens van Barmhartigheid

Bybelverspreiding